# 1. INLEIDING

## 1.1 ORIËNTERING

*Hierdie navorsing is toegespits op bepaalde vraagstukke in verband met ouerseggenskap in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop. Daar word veral aandag geskenk aan die ouerhuis en die skool omdat hierdie twee samelewingsverbande 'n vennootskap vorm ten opsigte van die ontsluiting van die kind. Die ouerhuis en die skool het egter elkeen 'n eiesoortige struktuur, kenmerke en taak ten opsigte van opvoedende onderwys.*

*In hoofstuk 1 sal daar gepoog word om 'n uiteensetting te gee van die volgende:*

* *die aktualiteit van die navorsing;*
* *die probleemstelling en motivering van die navorsing;*
* *navorsingsdoelstellings;*
* *metode van navorsing;*
* *begripsomskrywings;*
* *struktuur en navorsingsterrein van die verhandeling; en*
* *samevatting en vooruitskouing.*

## 1.2 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

*Ouerseggenskap in die opvoedende onderwys van sy kind is en was nog altyd noodsaaklik en belangrik. Ouers behoort die reg te hê om toe te sien dat die lewensbeskoulike grondslae van die ouerhuis ook in die skool gemanifesteer word (vgl. par. 2.4.3).*

*Die regering van die Republiek van Suid-Afrika is besig met ingrypende konstitusionele en onderwysveranderinge (vgl. hoofstuk 4). Met die veranderinge vind daar 'n afwenteling of dan devolusie van gesag plaas. Groter betrokkenheid*

*deur plaaslike owerhede en gemeenskappe in die opvoedende onderwys, insluitende die ouers, gaan vereis word (vgl. par. 4.2.3.4). Indringende besinning oor ouerseggenskap in die onderwys is noodsaaklik.*

## *1.3 DIE PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING VAN DIE NAVORSING*

*Die ouer is primêr verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy kind (sien par. 2.5). Die skool het as kultuurproduk ontstaan omdat die ouers:*

* *nie meer oor die gespesialiseerde kennis beskik om hulle kinders volledig toe te rus en op te lei vir die eise wat beroepsdifferensiasie stel nie, en*
* *ook nie meer oor die tyd, weens die hoë eise wat die samelewing aan die ouers stel, beskik om opvoedende onderwys volledig te doen nie (vgl. par. 2.3.2).*

*Opgeleide onderwysers het mettertyd, vanweë die toename in kennis, opvoedende onderwys as beroepstaak aanvaar.*

*Ouers kan dus die opvoedende onderwys van hulle kinders slegs tot 'n bepaalde peil voer, waarna toegesien moet word dat hulle kinders 'n skool besoek. Die ouer kan hom egter nie distansieer van opvoedende skoolonderwys nie. Die sukses wat die onderwyser met die kind in die skool behaal, hang in 'n groot mate af van die fondament wat in die ouerhuis gelê is én die ondersteuning en samewerking wat die skool (i.e. onderwys) van die ouers van leerlinge ontvang. Dit is dan ook noodsaaklik dat die skool en ouerhuis ter wille van die kind se opvoeding en onderwys nou sal saamwerk (vgl. par. 2.4.3).*

*Met die verskyning van die <u>Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981),</u> (verder genoem die <u>RGN-ondersoek (1981)</u>), het dit geblyk dat die meeste van die onderwysbeginsels wat daarin vervat is, regstreeks die kwessie van ouerbetrokkenheid in opvoedende onderwys*

*raak (vgl. par. 4.2.2). Ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys het op sy beurt die kwessie van ouerseggenskap op die voorgrond gebring, want groter ouerbetrokkenheid impliseer nie ook groter ouerseggenskap nie (vgl. par. 1.4.2 en par. 5.2.2)?*

*Daar ontstaan vrae oor die mate waarin ouers seggenskap het in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die algemeen en in die besonder in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop.*

* *Moet die ouers steeds betrokke bly by die opvoedende onderwys van hulle kinders?*
* *Word die doeltreffendheid van die skool nie verhoog as ouers medeseggenskap en inspraak het in die onderwys van hulle kinders nie?*
* *Moet die Christenouers, gebind deur die verbond en doopbelofte, toesien dat die gees en rigting van die skool ooreenstem met die gees en rigting wat in die huis gehandhaaf word?*
* *Is knoopstrukture soos beheerrade en skoolkomitees (tans bestuursrade) nodig om die skool en die ouerhuis aanmekaar te bind?*

## 1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

*Uit die probleemstelling (par. 1.3) vloei die volgende navorsingsdoelstellings.*

### 1.4.1 Primêre doelstelling

*Die primêre doelstelling van die navorsing is om vas te stel of die ouer, as eerste, natuurlike en primêre opvoeder van sy kind, seggenskap en inspraak moet hê in 'n stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie Kaap die Goeie Hoop.*

*Uit die primêre doelstelling kan die volgende verwante doelstellings afgelei word.*

### 1.4.2 **Verwante doelstellings**

*Daar sal gepoog word om aan te toon dat:*

* *Doelstelling 1*

  *Dit vir die Christengelowige ouer 'n roeping en verantwoordelikheid is om die gees en rigting van die opvoedende onderwys in die skool te bepaal.*
* *Doelstelling 2*

  *Knoopstrukture nodig is om die skool en die ouerhuis aan mekaar te bind.*
* *Doelstelling 3*

  *Die ouer in Kaapland reeds van die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap seggenskap gehad het oor die opvoedende onderwys van sy kind.*
* *Doelstelling 4*

  *Groter ouerbetrokkenheid ook ouerseggenskap in opvoedende onderwys vereis.*

## 1.5 *METODE VAN NAVORSING*

*Vir die verloop van die wetenskaplike ondersoek en die evaluering van die bovermelde doelstellings is daar onder meer van die volgende navorsingsmetodes gebruik gemaak.*

### 1.5.1 **Literatuurstudie**

*Daar is 'n groot hoeveelheid primêre en sekondêre bronne, ook amptelike stukke soos byvoorbeeld die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981), en Die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, (1983), geraadpleeg. Voorts is Die Wet op Nasionale Beleid in Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984), onderwysregulasies, -ordonnansies, opvoedkundige boeke, proefskrifte, verhandelinge en tydskrifartikels betrek.*

**1.5.2 Die prinsipieel-besinnende metode**

*Deur middel van die prinsipieel-besinnende metode is daar bepaal wat die ontstaan, struktuur en kenmerke van die skool en die ouerhuis is. Die besinning oor die probleem is vanuit 'n Christelik-Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing gedoen, waarna daar tot 'n eie standpuntinname gekom is.*

**1.5.3 Die histories-beskrywende metode**

*Die versamelde data is krities geëvalueer, sinvol georden en so objektief moontlik beskryf.*

## 1.6 BEGRIPSOMSKRYWINGS

*Die begrippe 'Christelike lewens- en wêreldbeskouing' en 'opvoedende onderwys' is kernbegrippe wat telkens in hierdie verhandeling voorkom. Alvorens hierdie kernbegrippe gedefinieer word, word daar vervolgens eers aandag geskenk aan die begrippe 'religie', 'grondmotief', 'religieuse grondmotief', 'opvoeding' en 'onderwys', om sodoende die kernbegrippe beter te kan toelig.*

**1.6.1 Religie**

*Religie dui op 'n geestelike ingesteldheid en handeling van die mens. Terwyl godsdiens die persoonlike aanbidding en diens van God ('n god) is, dui religie op 'n bepaalde gerigtheid van die mensehart op die 'Oorsprong' van dinge. Religie is dus 'n ruimer en algemener begrip as godsdiens.*

*Die hartsgegrepenheid (religie) van die mens bepaal sy hele beskouing van die werklikheid en gee rigting aan die mens se lewensuiting. Religieuse hartsgegrepenheid bepaal ook die mens se soort godsdiens. Die inhoud en rigting van religie is by mense verskillend, omdat religie onder meer teosentries (God in die sentrum) of kosmosentries (iets uit die skepping in die sentrum) van aard kan wees (Barnard, 1984(a) : 171; Van der Walt en Dekker, 1983 : 2).*

### 1.6.2 *Grondmotief*

*'n Grondmotief is die onderliggende dryfkrag, dryfveer of stukrag vir die lewe en handelinge - ook opvoedende onderwyshandelinge - van die mens. 'n Grondmotief bepaal die uitgange van die mens se hele lewe. Deur die eeue is verskillende grondmotiewe geïdentifiseer, waarvan die volgende enkele voorbeelde is:*

* *vorm-materie (Grieke);*
* *natuur en genade (Middeleeue);*
* *natuur en vryheid (Renaissance-Humanisme); en*
* *skepping, sondeval en verlossing (Christelik-Reformatories)*

*(Fourie, 1973 : 201).*

*Die Christengelowige - wat 'n Christelik-Reformatoriese grondmotief huldig - glo dat God die almagtige soewereine Skepper en Onderhouer van die totale geskape werklikheid (kosmos) is (Schoeman, 1975 : 18, 85; Fourie, 1973 : 202; Barnard, 1984(a) : 171).*

*Op die Christelik-Reformatoriese grondmotief bou die Christengelowige sy fundamentele oortuiginge en daaruit benader hy al sy vraagstukke van die lewe. So bepaal die Christelik-Reformatoriese grondmotief, soos ander grondmotiewe, die opvoedings- en onderwysrigting van 'n volk of kultuurgemeenskap (Barnard, 1984(a) : 172).*

*Die Christelik-Reformatoriese grondmotief, soos ander grondmotiewe, bepaal ook die mens se lewens- en wêreldbeskouing (vgl. par. 1.6.4).*

### 1.6.3 *Religieuse grondmotief*

*Die religieuse grondmotief is die dryfkrag agter die mens se hele lewe en bepaal die uitgange van die mens se hart. Dit is die primêre dryfveer van die mens se ganse lewe en sy handelinge en is voorts die stukrag wat die mens se lewe*

*sinvol, doelgerig, verantwoordelik en roepingsbewus maak (Postma, 1983 : 9-10; Fourie, 1973 : 201). Die religieuse grondmotief is die voedingsbron van alles wat die mens doen. Vir die Christengelowige is dit sy sin en bestemming in God (Schoeman, 1975 :26).*

*Die Christelik-Reformatoriese grondmotief is gegrond op die religieuse grondmotief van die Bybel, naamlik van skepping, sondeval en verlossing (vgl. par. 1.6.2).*

### *1.6.4 Opvoeding*

*Onderwys is gerig op die verskaffing van kennis en vaardighede terwyl opvoeding die ontsluiting van die hele mens behels. Opvoeding het dus nie net te doen met die hoof en die hand van die mens nie, maar ook met die hart (die persoonskern) van die mens (Gunter, 1967 : 10). Deur opvoeding word die kind in sy totaliteit voorberei vir die lewe. Opvoeding is 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde aktiwiteit waardeur die volwassene uit liefde probeer om die ontwikkelende persoonlikheid van die opvoedeling (die kind) tot volle ontsluiting te bring (Van der Walt en Dekker, 1983 : 27).*

*Opvoeding kan, soos onderwys, nie 'neutraal' wees nie. Die doel van opvoeding val saam met die doel van die lewe (Van der Walt en Dekker 1983 : 26). Sonder die rigtende en die stuwende krag van 'n lewens- en wêreldbeskouing - gegrond op 'n bepaalde grondmotief - is geen egte en ware opvoeding moontlik of denkbaar nie (vgl. par. 1.6.6). Die opvoeder (ouer en onderwyser) se beskouing oor die lewe sal ook sy beskouing met betrekking tot sy opvoedkundige gedagtes en praktyk bepaal (Van Loggerenberg, 1984 : 8).*

*Vir die Christengelowige ouer wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, het opvoeding nie net 'n onmiddellike of verwyderde doelstelling nie, maar het dit ook 'n*

*uiteindelike doelstelling (vgl. par. 2.3.4). Ware geloof in God is vir die Christengelowige die einddoel van opvoeding. Opvoeding is dus die ganse bemoeienis van die opvoeder met die opvoedeling om hom te lei tot God (Van der Walt en Dekker, 1983 : 24-33).*

*Vir die Christengelowige moet die opvoedingshandeling bydra tot doelbewuste opvoeding na God. Die Christengelowige glo dat die mens 'n ewigheidsbestemming het en dat die finale bepaling van opvoeding omhoogleiding na God self is (Schoeman, 1967 : 10; Van der Walt en Dekker, 1983 : 25).*

### 1.6.5 Onderwys

*Deur onderwys (onderrig-leerhandeling) word 'n leerling gehelp om kennis en vaardighede (of kundighede) te bekom. Onderwys is dus daardie doelbewuste handeling of werksaamheid waardeur die onkundige deur 'n kundige onderrig en geleer word om sekere dinge te ken en te kan doen. So word die kind deur 'n onderwyshandeling onderrig en geleer om dinge te ken wat hulle voorheen nie geken het nie, asook om dit beter te begryp en te verstaan. Die doel van onderwys is die verwerwing van kennis en vaardighede. Onderwys is gerig op die ontwikkeling van die hoof (die verstand) en die hand (Gunter, 1967 : 9-10).*

*Onderwys is 'n doelbewuste handeling en daar is sprake van sowel 'n onderrig- as 'n leerhandeling. Die onderwyshandeling is egter nie 'n eensydige gebeurtenis nie, omdat die onderwyser onderrig gee en die leerling die kennis ontvang en verwerk (leer) (Van der Walt en Dekker, 1983 : 29).*

*Die onderwys word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser, wat gebaseer is op religieuse grondmotiewe, bepaal en beïnvloed (Van der Walt en Dekker, 1983 : 29-30; vgl. par. 1.6.6 en 1.6.7).*

### 1.6.6 Christelike lewens- en wêreldbeskouing

*'n Lewens- en wêreldbeskouing (lewensopvatting) is fundamentele oortuigings oor die totale geskape werklikheid en is beslissend vir die aard, wese en doel van die mens se optrede. 'n Lewens- en wêreldbeskouing is die grondoortuigings van waaruit die mens alle vraagstukke benader en van waaruit fundamentele antwoorde gegee word. Religie en grondmotiewe vorm die grondslag van 'n lewensopvatting (sien par. 1.6.1 en 1.6.2). Opvoedkundige opvattinge oor onder andere die doel, uitgangspunt en metode van opvoedende onderwys word deur die lewensopvatting van die onderwyser bepaal. Geen enkele terrein is van 'n lewens- en wêreldbeskouing uitgesluit nie (Van Loggerenberg, 1984 : 7-8).*

*Behalwe die integrale en fundamentele aard van die lewensbeskouing wat in die religie en grondmotief gegrond is, is die lewensbeskouing ook 'n dinamiese en vormende dryfkrag wat die mens dwing tot handeling (sien par. 1.6.1 en 1.6.2). 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing is 'n beskouing wat gegrond is op die religieuse grondmotief van die Bybel, naamlik van skepping, sondeval en verlossing. Vir die Christengelowige, wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, is God die enigste soewereine Skepper en Onderhouer van die totale geskape werklikheid (vgl. par. 1.6.2).*

### 1.6.7 Opvoedende onderwys

*Opvoeding en onderwys kan hoogstens onderskei, maar nie geskei word nie (Van der Walt en Dekker, 1983 : 33). Geen opvoeding is moontlik as daar nie onderwys (onderrig en leer) is nie. So kan karaktervorming by die onvolwasse kind nie plaasvind indien die kind nie onderrig word in wat goed of kwaad is nie.*

*Vir die Christengelowige moet alle onderwys ook opvoedend, dit wil sê ook karaktervormend, wees. Goeie onderwys moet ook die ophef tot God en omhoogleiding na God wees (Fourie, 1973 : 206; Van der Walt en Dekker, 1983 : 34).*

*Opvoedende onderwys sluit dus alle komponente van opvoeding en onderwys in (Fourie, 1973 : 206). Die onderrigtende gedeelte dui op die bybring van sekere kundighede, kennis en vaardighede wat deur die onderwyser aan die kind oorgedra word. Die opvoedende gedeelte dui op die ontsluiting van die mens as religieuse, redelike, sedelike, ewewigtige, diensbare en verantwoordelike persoon.*

*Opvoedende onderwys is dus net soos opvoeding op die ontwikkeling en ontsluiting van die kind as geheel gemik. Deur opvoedende onderwys kom leer tot sy reg, want dan word kennisinhoude (onderrig-leer) ook karakterinhoude (opvoeding) (Van der Walt en Dekker 1983 : 30-34). Vir die Christengelowige, wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, word die kind deur opvoedende onderwys as totaliteit ontsluit, met die einddoel gerig op God (sien par. 1.6.6).*

*Die Christengelowige ouer benader ook die opvoedende onderwys wat sy kind ontvang, volgens sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing (vgl. par. 1.6.6). Lewensbeskouing is beslissend vir die aard, wese, doel en struktuur van die onderwys en opvoeding (Van Loggerenberg, 1984 : 16). Dit is ook vir die Christengelowige ouer belangrik dat die onderwyser dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as die ouer huldig sodoende is die opvoedende onderwys wat die kind in die skool ontvang in lyn is met die gees en rigting van die ouerhuis (Van Schalkwyk, 1981 : 128).*

## 1.7 DIE STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING EN NAVORSINGSTERREIN

*Die aktualiteit, die probleemstelling, die motivering en die metodes van die navorsing word in hoofstuk 1, die inleidende hoofstuk, uiteengesit. Kernbegrippe word nader omskryf en verwante begrippe word kortliks toegelig.*

*In hoofstuk 2 word aandag geskenk aan die ontstaan, struktuur, taak en terrein van sowel die ouerhuis as die skool. Die samewerking tussen ouerhuis en skool word ook onder die loep geneem.*

*Die ontwikkeling van plaaslike beheer en ouerseggenskap oor Blanke-onderwys in die provinsie Kaap die Goeie Hoop, gedurende die tydperk 1652 tot 1985, word in hoofstuk 3 beskrywe. Die aanvaarding van die Skoolraadwet 5 van 1905 lei 'n nuwe era in ten opsigte van ouerseggenskap in onderwysbeheer in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop. Die tydperk 1652 tot 1985 word verdeel in twee tydperke: 1652 tot 1905 en 1905 tot 1985.*

*Daar word in die eerste gedeelte van die hoofstuk gekyk in watter mate die ouerhuis, kerk en staat in Nederland betrek was by die skool vóór die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap die Goeie Hoop.*

*In die tydperk 1905 tot 1985 word besondere aandag gegee aan die Skoolraadwet van 1905 en die daaruit voortspruitende skoolrade en skoolkomitees. Daar word gekyk in watter mate die Skoolraadwet van 1905 en ander ordonnansies daarna voorsiening gemaak het (en nog steeds maak) vir ouerseggenskap in onderwysvoorsiening en -beheer.*

*In hoofstuk 4 word die betekenis en implikasies van die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys, (1981), die regering se Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, (1983), met*

*betrekking tot ouerseggenskap in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes en Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984) bespreek. Ook die Afrikaner-Ouervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys in die huidige onderwysstelsel in Kaapland word bespreek.*

*Hoofstuk 5 sluit die verhandeling af met die evaluering van die doelstellings, 'n samevatting van en gevolgtrekking oor die navorsing.*

*In hierdie navorsing word ouerseggenskap in 'n stelsel van onderwysvoorsiening in Suid-Afrika in die algemeen en in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop in die besonder nagevors.*

## 1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

*Die verskyning van die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na onderwys, (1981), het die kwessie van ouerbetrokkenheid in opvoedende onderwys, wat groter ouerseggenskap kan impliseer, op die voorgrond gebring. In hierdie oriënterende hoofstuk is daar aangetoon dat daar 'n probleem ten opsigte van ouerseggenskap bestaan en die volgende primêre doelstelling is vir hierdie navorsing geformuleer: Daar moet vasgestel word of die ouer, as primêre opvoeder van sy kind, seggenskap het in 'n stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop. Ouerseggenskap in onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie Kaap die Goeie Hoop blyk 'n aktuele saak te wees en vier verwante doelstellings is vir die navorsing geformuleer (sien par. 1.4.2).*

*Benewens die doelstelling wat in hierdie hoofstuk geïdentifiseer is, is daar ook aandag gegee aan:*

- *die navorsingsmetodes, wat vir die navorsing gebruik is (vgl. par. 1.5);*
- *kernbegrippe (soos 'Christelike lewens- en wêreldbeskouing' en 'opvoedende onderwys') wat telkens in die navorsing voorkom, verwante begrippe (soos 'religie', 'grondmotief', 'religieuse grondmotief', 'onderwys' en 'opvoeding') en die omskrywing daarvan (sien par. 1.6);*
- *die struktuur van die navorsing, dit wil sê die indeling van die navorsing in verskillende hoofstukke (vgl. par. 1.7); en*
- *die navorsingsterrein van die navorsing (sien par. 1.7).*

*Vervolgens word in hoofstuk 2 die struktuur, taak en terrein van die ouerhuis en die skool in die opvoedende onderwys van die kind ondersoek.*